Dors Na Die Lewe

Goeienaand, vriende. Dis beslis 'n—'n voorreg vir my om hier te wees vanaand om hierdie tyd van gemeenskap in hierdie kerk te geniet. Ek het nie geweet ek gaan hierdie voorreg hê voor net 'n paar dae gelede nie. En toe, het dit meteens gebeur dat ek na hierdie Beulah Tabernakel toe moes kom om te preek. En soos ek na hierdie tabernakel kyk, hou ek regtig daarvan, en die manier wat dit gebou is. Hulle . . . Ons maak gereed om 'n tabernakel te bou in Jeffersonville, en ek mag dalk 'n paar van hulle hiernatoe stuur om hierdie soort van deur te kyk. Ek hou van hierdie vir ons eie plek daaronder, broer.

2 En dan om die mooi gebou te sien, en die . . . Het julle pastoor die eerste keer ontmoet, sover ek weet, in sy studeerkamer net 'n paar oomblikke gelede daar, die kamer langsaan. Vriendelike, gawe, gasvryheid, en om hier in te kom en hierdie ou liedere van Sion gesing te hoor word. En uitgevind hulle is Kanadese; en natuurlik, is ons net soos 'n handskoen aan 'n hand. Ek waardeer beslis om hier te wees vanaand, en geen wonder nie, dis 'n gawe ou kerkie. 'n Kerk is, eintlik, wat binne-in is. Dis waaruit die bestaan.

3 Ons gaan baiekeer in die strate af, en ons sien 'n—'n huis. En partymaal sê ons: "Is dit nie 'n pragtige tuiste nie." Nou, dit mag na 'n pragtige huis lyk, maar 'n *tuiste* is die "orde van die huis." Jy sien die orde waarin dit is, orde van die familie.

4 En dis hoe ek dink die huis van God is. Dis nie soseer die pragtige tempel nie, wat ons wel waardeer, maar dis die orde wat daar binne-in is. Watter soort orde het hulle? Is hulle regtig Christene, wat regtig die Here aanbid, Hom regtig liefhet? Is dit 'n huis van teregwysing, die Evangelie wat verkondig word, en vergesel met die tekens wat Jesus vir ons gegee het wat ons sou volg? En ek's seker hier, by hierdie Beulah Tempel, is dit so.

5 As ek dink aan die naam Beulah, herinner dit my net aan toe ek net 'n seun was. Ek was saam met 'n vriendin, en sy het my geneem na die—na die Sion Baptiste Kerk toe, naby Salem, Indiana. En die lied wat hulle gesing het was: "O Beulahland, soet' Beulahland, soos ek op die hoogste berge . . . " Wel, lyk my ek het darem uiteindelik by Beulahland uitgekom, nie waar nie? Dit was nog voor ek gered was. Ek sal nooit daardie goeie Gees in daardie kerk vergeet nie. En ek het later onthou, dat Sion ook naby Salem was, in die—in die Bybel.

6 So om vanaand hier te wees saam met ons lieflike pastoor, en Broer Grant, Kanadese sangers, Broer Boze, en baie ander, voel ons net ons wil 'n tydjie van gemeenskap rondom Sy Woord hê.

7 Ek het probeer om Broer Grant te kry om vir my te preek, toe ek ingekom het. Ek was 'n bietjie hees, en het partymaal twee keer 'n dag gepreek. En my dienste is net die heeltyd van plek-tot-plek. En ek raak net moeg. Julle weet hoe dit is, ek's seker. Ek het vertel, nou die aand, of het vir Broer Grant gesê: "Baiekeer, wil ons trek soos 'n—'n vuurpyl, en dan val ons soos 'n klip." Dis omtrent hoe ons dit doen. So ons moet nou en dan bietjie stadiger gaan.

8 Nou, op hierdie tyd, was ek veronderstel om, hierdie week, in die Fiji Eilande te wees. En dan sou ek op die 15de, of die middel van hierdie maand begin het, in Sydney, Australië; Nieu-Seeland. Maar ek moes dit 'n paar dae uitstel, en dit het my die geleentheid hier gegee, Chicago te kom besoek. Die eerste keer aan hierdie, ek veronderstel dit word die westekant genoem, nie waar nie? ['n Broer sê: "Suide."—Red.] Suidekant, nou is ek heeltemal verkeerdom, die suidekant.

9 En die bediening waarvan Broer Joseph gepraat het, is ek seker is geen geheim vir julle mense nie, want julle was al baiekeer in die dienste. En wat ons Here doen, wat genadig is, dit waardeer ons met ons hele hart.

10 Op pad hiernatoe vanaand, het ek met Broer Grant gepraat. En ons het gedagtes uitgeruil met hom en Broer Boze oor oorsee, in Afrika, en Indië, en—en verskillende plekke waar ons was.

11 En ek het vertel van 'n geval in Indië wat gebeur het, en dit was op die platvorm. Na daardie middag, is daar 'n onderhoud gevoer met my deur, ek wil sê, sewentien, dit mag sewe gewees het, want dit was deur 'n tolk, dat, verskillende godsdienste was daar verteenwoordig daardie aand, of, middag. En al sewentien van hulle was teen Christengodsdiens. Nou, julle kan julle voorstel hoe jy gevoel het. Ek was in die tempel van die Djiane. Dan was daar die Sikhs, die Djiane, die Mohammedane, die Boeddhas, ensovoorts. En elkeen was teen Christendom.

12 En omtrent almal van hulle glo in reïnkarnasie. Daarom maak hulle klein moppies, en vee die paadjie soos hulle gaan, sodat hulle nie op 'n miertjie of enigiets trap nie, want dit mag 'n naasbestaande wees wat gesterf het. Nou, hoe sal jy ooit 'n bloedversoening preek as 'n teengif vir sonde vir 'n persoon wat nie—wat nie . . . wat dink dis verkeerd om op 'n mier te trap? Sien, jy kan dit nooit doen nie. So ek het my praatjie gelewer. Ek het gevoel dat ek 'n verraaier van Christus sou wees as ek nie iets gesê het nie.

13 So toe daardie aand by die byeenkoms, kon ons nie uit die stad uitgaan nie, want dit het 'n wet gehad dat, om polisiebeskerming te hê, ons in die stad moes bly. En die burgemeester van die stad het uitgekom; hy was saam met my daardie middag, en baie van die groot leiers, die biskop van die

Metodiste kerk, en baie ander Christenleiers, waar ons ontmoet het by die Taj Hotel.

14 En so het hulle gesê ek moet dit in die stad hou. En daar was honderde duisende by die diens om—om by te woon. Jy het geen manier gehad om te skat hoeveel daar sou wees nie, want net so ver as wat jy kon sien, was een massa mense. En daar's iets oor die twee ure, met wagte langs die motor om te kom van waar die byeenkoms begin het, deurgery met die kar om by die plek te kom om te preek. Julle kan julle voorstel hoe lank dit sou neem. Hulle het net saamgedrom, en gestoot, en op die kar geklim; 'n paar voet beweeg, en dan moet die wagte en dinge hulle laat beweeg.

15 Maar toe ons op die preekstoel gekom het, om te begin preek, het ek gepreek oor die onderwerp van *Jesus Christus, Dieselfde Gister, Vandag, En Tot In Ewigheid.* En gegee wat Hy gister was, en dat ons vandag dieselfde kon verwag as Hy dieselfde is, dat Hy nie dood is nie, maar dat Hy opgestaan het uit die dood.

16 En so, toe omdat ons nie enige gebedskaartjies kon uitgee nie, moes jy hulle net laat saamdrom die beste wat hulle kon. En die wagte sou mense naderbring. Wel, na 'n paar verbygegaan het, en hulle begin sien het hoe die Heilige Gees die toestande sou bekendmaak en wat hulle gedoen het, toe . . .

17 Natuurlik, onder die salwing, kon jy sien die mense dink dis 'n telepatie of iets, want hulle het baie heksery en alles in Indië.

18 Maak net gereed om enigiets te glo, dinge wat jy nie gedink het jy sou glo nie, wanneer jy daar kom, want alles is 'n godsdiens van sy eie. Hulle sal deur vuur loop; hulle sal 'n spies neem en dit deur hulle mond steek, 'n swaard neem en dit regdeur hulle hart plaas en water reg daardeur gooi, en sou aan die agterkant uitloop, dit uittrek, en nie eers bloei nie. En, o, jy kan teen 'n boom ophardloop en 'n seuntjie neem wat 'n sak het, en vader wat daar ophardloop en hom uitmekaar uit sny, en dit laat val, en hulle in 'n sak sit, en hy wat skop en skree: "Laat my hier uit, pappa." Maak net gereed om enigiets te glo wanneer jy in Indië kom.

19 Duiwelbewerkers, en moenie dink hulle sal jou nie uitdaag nie; hulle sal. En jy beter weet waarvan jy praat. Dis waar jy—jy—jy nie kan maak soos wat jy in die Verenigde State maak, net wegkom met enigiets nie. Jy moet seker wees dat dit reg is, of jy sê glad nie enigiets nie.

20 So die aand op die platvorm, kon jy begin voel dat die Rajas en hulle wat daarbuite sit, glo dat—dat dit 'n telepatie is. En na 'n tydjie, het daar 'n melaatse verbygekom. En ek het nie te veel geweet van hoe om met melaatsheid te werk nie; ek het net in Afrika so 'n bietjie ondervinding gehad.

21 Hierdie klein melaatse met net stompies arms, sy gesig heeltemal weggevreet, het net gekom, sy arms om my gegooi. Ek het saam met hom gebid. En soos hy die platvorm verlaat het,

toe, was die volgende een wat gekom het, 'n blinde man. En die Heilige Gees het vir hom vertel wie hy was. Ek kon nie sy naam sê nie, moes net die letters van sy naam uitspel. Vir hom vertel hoe hy al vir twintig jaar in hierdie toestand is, en 'n aanbidder van die son was; en dat hy blind geword het deur die son te aanbid, daarna te kyk, en toe dat hy 'n bedelaar was, twee kinders het. En dit was alles waar. En toe, het ek gesê: "Julle sien, ek kan hom nie genees nie, want ek kan nie doen wat God alreeds gedoen het nie, want ter wille van ons oortredinge ís Hy deurboor, en deur Sy wonde hét daar vir ons genesing gekom."

22 Goddelike genesing is nie een of ander hokus pokus, of—of een of ander beweginkie, of een of ander seëninkie wat mense in hulle hande ronddra nie, maar dis 'n onwrikbare geloof wat jy het in die opstanding van Jesus Christus. Dis 'n volbragte werk wat gedoen is deur Christus op Golgota.

23 Ek mag vanaand vra, hoeveel is gered gedurende hierdie herlewing wat julle hier gehad het? Steek 'n paar van julle julle hande op. Ek sou sê, hoeveel is gered tien jaar gelede? Julle sou julle hande opsteek. Maar op een manier is dit reg en op 'n ander manier is dit nie reg nie. Julle is nie 'n week gelede of tien jaar gelede gered nie, julle is negentien honderd jaar gelede gered. Toe Jesus op Golgota gesterf het, het Hy die sonde van die wêreld verban. Maar dit sal julle nooit help as julle dit nie aanvaar nie. Julle het dit net gisteraand, of tien jaar gelede, aanvaar.

24 En dis dieselfde tyd wat "Hy ter wille van ons oortredinge deurboor is, deur Sy wonde daar vir ons genesing gekom het." Dis jou geloof in 'n werk wat voltooi is, wat God deur Christus vir jou gedoen het op Golgota. Dis volledig. Daar's nie 'n sondaar hier vanaand wat nie gered is nie. En jy is steeds onder die genades van God, vir so lank as wat jy lewe en God met jou werk. Maar wanneer jy sterf, en jy gaan daar verby, dan is jy—is jy in die oordeel. Jy het jouself klaar geoordeel.

25 En genesing, daar's nie 'n persoon hier. . . As daar enigiemand siek is hier, is elkeen van julle nou genees. Dis net soveel as wat jy ooit genees kan word. Maar dis jou geloof om te glo en jou genesing te aanvaar dat Jesus ter wille van jou oortredinge deurboor is, deur Sy wonde daar vir jou genesing gekom het.

26 So niemand kan genees nie. Ek het nog nooit in my lewe enigiemand genees nie, en sal ook nooit. Maar ek het al baiekeer 'n paar direkte antwoorde op gebed gehad wanneer ek vir mense gebid het. Dis 'n gebed wat. . . "Die gebed van geloof sal die siekes genees."

27 So daar's geen manier vir my om die man te genees nie. En hy was. . . was al twintig jaar lank blind. 'n Metodiste dokter was teenwoordig wat hom ondersoek het. Sy oë was wit van blindheid. En toe, toe ek die gebed vir die broer gebid het en hom

van die platvorm af laat gaan het, was dit die soewereine genade van God, daar het 'n skaduweetjie, soort van, oor hom gekom, en ek het dit dopgehou, en dit was 'n visioen. Daar het die man gestaan met sy normale sig net soos enigiemand anders. Nou, sien, dit was—dit was die genade van God wat dit gedoen het.

28 Toe was dit die geleentheid. Daar was my geleentheid toe om met die mense te praat. En ek het gesê: "Ek was vandag getrakteer by die tempel van die Djiane, en sewentien verskillende godsdienste daar wat ons Christendom afkraak." En ek het gesê: "Nou, vanaand, is hier man wat 'n aanbidder van die son is, wat blind is. En julle sê dat, die Mohammedaanse geloof drie keer so groot is soos Christendom," wat waar is.

29 Die Boeddhas is ver verby Christendom, en Christendom beklee die derde of vierde plek onder die godsdienste van die wêreld. Dis numeries; dis Katoliek en Protestant saam ingesluit.

30 Maar ek het gesê: "Sekerlik, is iemand reg en iemand is verkeerd. Dit moet wees. Daar is 'n ware en lewende God. Hy het 'n verlossing vir Sy mense. En hier is 'n man wat die—die skepping in plaas van die Skepper aanbid het, ons glo dit. Maar hy's blind, en hy wil na die regte waaragtige God toe kom."

31 Ek het gesê: "Nou, vra ek die Mohammedaanse priester om hiernatoe te kom en die sig van hierdie blinde man te herstel. En as hy dit kan doen, dan sal hierdie blinde man 'n Mohammedaan word, en ek sal ook, as hy die sig van hierdie blinde man kan herstel." En ek het gesê: "Ek daag ook die priester van Boeddha, of van die Djiane, of enige van die res van die godsdienste hier uit, enige van julle leiers, kom hier julle heilige manne, en herstel die sig aan hierdie man. Want as daar 'n God is Wat hom geskape het, en hy wil terugkom met 'n opregte hart om daardie God te aanbid, sal daardie God tog sekerlik sy sig herstel en hom herstel in 'n toestand om Hom te aanbid."

Nou, ek sou dit op geen manier gesê het as daar nie 'n visioen was wat ek geweet het waarvan ek praat nie.

32 Dis hoe ons Here gemaak het. Hy het gesê: "Ek doen niks tot die Vader My nie eers gewys het wat om te doen nie," Johannes 5:19. Geen profeet, of ook nie die Here Jesus, het ooit rondgegaan en net lukraak dinge gedoen nie. Jesus kon nie lieg nie, want Hy was God. En Hy het gesê: "Voorwaar, voorwaar, Ek sê vir julle, die Seun kan niks uit Homself doen, behalwe wat Hy die Vader sien doen nie." Nie, die Vader *hoor* doen nie, maar, die Vader *sien* doen.

33 Elía op die Berg Karmel, toe hy die bul en alles neergelê het, het hy voor die volk uitgekom, en gesê: "Here God, ek het dit alles op U bevel gedoen." Altyd God; vlees kan nêrens roem nie. En dit was 'n visioen. En dis hoekom jy met vrymoedigheid kon spreek, want God het so gesê. Dit handel dit af.

34 So toe, toe, was almal van hulle baie stil. Ek het gesê: "Hierdie is 'n baie stil groep mense." En ek het gesê: "Nou vandag, het julle Mohammedane my probeer vertel hoeveel groter die Mohammedaanse godsdiens is as Christendom. Nou, laat die priesters na vore kom en dit doen, of enige van die res van hulle." Ek het gesê: "Die rede waarom hulle dit nie kan doen nie, die rede waarom hulle nie kom nie, is omdat hulle dit nie kan doen nie." En ek het gesê: "Ek kan dit ook nie doen nie. Maar die God van die Hemel wat Sy Seun, Christus Jesus opgewek het, Wat vandag lewendig is, en vir Wie ek verteenwoordig, het vir my 'n visioen gewys dat die man sy sig gaan ontvang. Nou, as Hy dit nie doen nie, dan is ek 'n valse leier en behoort uit Indië uit weggejaag te word. Maar," ek het gesê: "as Hy dit wel doen, en al julle mense wat sien dat julle priesters en—en julle heilige manne stil sit." Ek het gesê: "Ek—ek wil die man sy sig sien ontvang. Ek wil nie met julle handboeke en julle godsdienste argumenteer nie. Ek wil net hê die man moet sy sig gegee word. En laat die God wat God van die skepping is, Wat die menslike ras gemaak het, sy sig herstel, want 'n kullery sal nie kan nie. Dit sal eg moet wees, want dit sal geskep moet word, want hy het glad nie oë nie."

35 Moenie bevrees wees nie. Ons God is God. As Hy ooit God was, is Hy steeds God. As Hy hoegenaamd God is, is Hy God van die hele skepping. En so dit gesê, het ek toe gesê: "Hulle wil niks sê nie. En ek kan nie, maar God het gewys dat dit so sou wees. Nou, sal ons sien of dit gebeur." En hulle het hulle hoofde gebuig. En toe ons gebid het, het die man se oë oopgegaan, kon so goed soos enige persoon hierbinne sien.

36 O, ek het gesê: "Hoeveel van julle sal Jesus Christus as julle persoonlike Verlosser aanvaar as hierdie man se oë oopgaan?" En net so ver as wat jy kon sien, tiene van duisende van hande op in die lug.

37 En dan, met geen samewerking onder die kerke nie, is daar vanaand, miskien, nege-en-negentig uit elke duisend terug in die tempels van Boeddha ensovoorts, as gevolg van die gebrek aan samewerking van manne om daar te kom en daardie mense verder te lei na daardie kerke toe. Dis 'n jammerte dat daar geen samewerking onder Christenmense is vandag wanneer God iets probeer doen nie. Dis die moeilikste ding wat ek gevind het, en die ding wat die meeste misverstaan word, dat mense nie wil saamwerk nie, omdat jy nie van hulle denominasie is nie. Dis 'n skande voor die wêreld.

38 Nou, vanaand, het ek nooit gekom om oor Goddelike genesing met julle te praat nie. Ek het net gekom om 'n paar minute met julle te praat, julle te leer ken, dat ons mekaar kan ken, want ons gaan net een keer deur hierdie wêreld, en ons gaan 'n Ewigheid saam spandeer hierna.

En nou, kom ons buig net ’n oomblik ons hoofde vir ’n—’n woord van gebed.

39 O Here God, Skepper van hemel en aarde, ons kom net so nederig na U toe as wat ons weet om te kom met geboë hoofde na die stof waaruit ons geneem is, en waarnatoe ons eendag, as Jesus vertoef, sal terugkeer. Maar in hierdie wete, soos Job van ouds: “Ek weet my Verlosser leef, en dat Hy in die laaste dae op die aarde sal staan. Al vernietig die velwurms hierdie liggaam, tog sal ek God in my vlees sien.” Ons is so bly vir daardie hoop wat in ons bors lê vanaand, dat ons Hom, eendag, sal sien vir Wie ons liefhet en glo, Wie die onsigbare Gas is in hierdie gebou vanaand.

40 Nou, U Woord lê oop voor ons, Here, en ons wil U vra om U Woord te seën, om die lippe te besny wat sal spreek, en die ore wat sal hoor.

41 Gee, Here, as daar enige hier is wat nie ’n Christen is nie, dat hulle nederig sal oorgee aan U. Daar diegene is wat afvallig geraak het, mag hulle, soos die verlore seun, terugkom huis toe, vanaand, na die Vader se huis toe. En ons bid, Here, vir hulle wat siek is, as daar enige van hulle hier is, of beproefdes, dat terwyl die Woord uitgaan, dat hulle vir Jesus sal ontvang en genees sal word van hulle siektes.

42 Seën hierdie Beulah Tempeltjie. Seën sy lieflike pastoor, en al sy diakens, en die raad, en die hele lekedom. Mag dit lank staan as ’n gedenkteken vir Jesus Christus en vir Sy saak. Mag daar sendelinge van hier af uitgaan en—en predikers wat die wêreld sal help evangeliseer. Seën elke poging wat hulle aanwend. En hierdie broers hier, en die susters vanuit Kanada, die—die sangleiers, en—en die musikante, ons bid, Here, dat U hulle bediening seën. Maak dit ryk, Vader. Gee vir hulle siele vir hulle huur, want ons glo dis die begeerte van hulle harte.

43 Vergewe ons vir al ons tekortkominge. En laat die Heilige Gees ons vanaand besoek, want ons wag verder op Hom in die Naam van Jesus. Amen.

44 Net om vir ’n paar oomblikke met julle te praat, wat ek net nie presies weet watter tyd julle dienste verdaag nie. Dis alreeds amper nege-uur. En môre is weer ’n groot dag vir ons, en ek weet dit sal vir julle wees.

45 En ek wil vir julle almal ’n uitnodiging gee. As julle ooit naby enige van die dienste is, wel, kom in, maak julleself tuis. As julle onder naby Jeffersonville is, wel, sien ons terwyl julle daar is. Hierdie sangers wat so mooi gesing het en die musiek ’n tydjie gelede, kom na die tabernakel toe en laat ons bietjie daarvan hoor daaronder aan daardie kant. En pastoor, jy weet, jy’s welkom, almal.

46 Ons wil blaai na die 63ste Psalm toe net vir ’n—’n voorlesinkie van ’n bekende teks.

O God, U is my God; U soek ek: my siel dors na U, my vlees smag na U in 'n dor en uitgedroogde land, sonder water;

Só het ek . . . in u *heiligdom aanskou, om u sterkte en u heerlikheid te sien.*

Want u goedertierenheid is beter vir my *as die lewe, my lippe moet u prys.*

47 Ek het dikwels gewonder waarvan Dawid gepraat het. En ek onthou die eerste keer wat ek daardie Skrif gelees het, dat ek net nie kon verstaan wat Dawid bedoel het toe hy gesê het: "Want U goedertierenheid is beter vir my as die lewe." Wat kan groter wees as die lewe?

48 As die Here God vanaand na my toe moes kom en sê: "Ek sal jou weer terugverander van 'n ou man na 'n jong man toe van omtrent agtien jaar oud; Ek sal jou 'n duisend jaar op die aarde laat lewe, en al die rykdom van die wêreld in jou hande gee, en belowe jy sal nooit 'n dag se bekommernis hê nie, maar alles net vreugde vir 'n duisend jaar," of: "Ek sal jou nog vyftig jaar laat lewe, en dit maak dat jy vir jou brood op straat moet bedel, voortsleep in siekte; maar tog aan die einde, sal Ek jou die Ewige Lewe gee."

Ek sou sê: "Here, laat my bedel. Laat my voortsleep, of laat my ly, of enigiets net solank ek die Ewige Lewe het."

Lewe is wat jou rig. Dis wat jou optrede bepaal. Jy kan net nie ware lewe wegsteek nie. Daar's geen manier om dit te doen nie.

49 Het julle al ooit 'n sypaadjie gelê? Party van julle mans het dit, sonder twyfel, al gedoen. En skep net al die grond op, en lê die sypaadjie uit, giet dit met beton. Maar dan in die somertyd, wanneer jy jou gras sny, weet julle waar is die gras die dikste? Reg langs die kant van daardie paadjie. Dis twee keer so dik daar, as wat dit op enige ander plek is. Hoekom is dit? Daar onder daardie beton, het jy 'n paar sade bedek; maar net so seker as wat daardie sonskyn die aarde begin baai, en die seisoen reg is, daardie saad het lewe daarin. En jy kan nie lewe wegsteek nie. Dit sal sy pad regoor daardie betonkorrels werk tot dit uitkom, sodat dit sy koppie kan oplig en God loof. Jy kan net nie lewe wegsteek nie.

50 Dis hoekom, as jy Ewige Lewe het, hulle jou in die see mag begrawe, of—of jou liggaam mag veras, maar jy sal weer lewe wanneer Jesus kom. Daar's geen manier om jou onder te hou nie. Jy kan nie ware lewe wegsteek nie.

51 Ek het 'n kapelaanvriend gehad van die Eerste Wêreldoorlog. Hy het my vertel, hy het gesê: "Billy, eendag het hulle daardie mosterd en kloorgas daar gegooi in die Eerste Wêreldoorlog daar in Frankryk." En hy het gesê: "Ons was buite naby La Salle, Lorraine." En gesê: "Dit sou 'n—'n verskriklike dag vir

my gewees het. Dit was Pase, en o, die gas het net die bome, en die gras afgebrand, en daar was niks lewendig nie." En hy het gesê: "Dit was 'n reënerige oggend, en 'n verpleegster het deur die kamer gekom. En sy het 'n—'n groot bos calla lelies in haar hand gehad. En sy het verby hierdie gewonde soldate se bed gegaan, en vir elkeen 'n lelie gegee." Gesê: "Daardie kreupel manne, en party van hulle verbrand, party van hulle blind, sou daardie lelie gryp en skree en huil, want dit was 'n teken van die huis." Gesê: "Ek kon dit nie verduur nie. Ek het buitentoe geloop, en 'n Majoor het gesê: 'Kapelaan, ek gaan na die front toe om 'n paar tenks na te gaan wat was. . . of 'n paar voertuie wat gebreek was, en te kyk of daar enige van hulle is wat ingebring kan word,' buite in die niemandsland in waar hulle die Duitsers daaruit teruggedruk het."

52 Gesê: "Ek het daar uitgegaan en ons het gegaan. . . my soontoe geneem in die syspan van 'n motorfietsie." En gesê: "Toe ons daarbuite op die—die veld gestop het," hy het gesê: "het ek rondgekyk, en het ek gedink: 'O, as hierdie nie 'n verlate plek is nie.'" Gesê: "Daar's nie 'n blaar aan 'n boom nie. Daar's nie 'n grashalmpie êrens te vinde nie; en tog, is dit Pase." En gesê: "Ek het aangestap en ek is soort van aangetrek na 'n klippie toe," en gesê: "ek het dit omgedop met my voet." En gesê: "Wat dink jy was onder daardie klip?" Gesê: "Daar was 'n Paaslelietjie wat versteek was onder die klip die heeltyd gedurende die gas en die oorlog." Gesê: "Ek het dit begin uittrek, en ek het gesê: 'Dis te heilig.'" Gesê: "Ek het daar gekniel en gesê: 'Here, verberg my in die Rots van die Eeue. Bewaar my lewe, O Here, soos U die lelie bewaar het.'" Lewe, dis 'n groot ding. Die lewe vorm jou karakter.

53 'n Tyd gelede onder in die Suidlande waar ek vandaan kom, het hulle altyd slawerny gehad daaronder, jare gelede. Die—die Afrikaanse mense het hulle soontoe gebring, die Boere, liewer, en—en hulle het die swartman van Afrika af gebring. En hulle sou hulle in die Suide verkoop as slawe. O, dit was so 'n sonde en so 'n verkeerde ding om te doen. Maar hulle het so algemeen geword, dat hulle hulle verkoop soos wat hulle gebruikte motors by 'n handelaar sou verkoop, net uitgaan en—en hulle koop. En makelaars sou uitkom en hulle koop, en hulle neem, hulle verkoop om geld te maak, mense vir wie Christus gesterf het.

54 En hierdie storie is vertel, dat 'n makelaar eendag by 'n groot plantasie aangekom het. En daar was baie slawe op die planstasie. So hy het vir die—die eienaar gesê, hy het gesê: "Ek—ek wil graag jou slawe deurkyk, miskien kan ek vir jou 'n paar goeie pryse gee."

Die eienaar het gesê: "Help jouself."

55 En hy gaan uit en kyk deur die plantasie. En die slawe was weg van die huis af. Hulle is gevang, weggeneem van moeder,

weg van babatjies partymaal, moeders, weg van mans, en net hiernatoe gebring en hulle gebruik as werk-esels. En hulle was hartseer; hulle het geweet hulle sou nooit weer vir pappa sien nie, nooit weer vir mamma sien nie, nooit weer die babatjie sien nie. Hulle was slawe en vreemdelinge in 'n vreemde land. Hulle het geen geesdrif in hulle gehad om te werk nie. En hulle sou swepe neem en hulle slaan om hulle te laat werk.

56 En hulle het een jong slaaf opgelet, 'n jong man. Hulle het nooit nodig gehad om hom te slaan nie. Hy het sy bors uitgestoot gehad en sy ken op. Hy was net baie paraat. So, vinnig, het die makelaar gesê: "Ek wil graag daardie slaaf koop."

Maar die eienaar het gesê: "Maar hy's nie te koop nie."

Wel, gesê: "Hy so anders as die ander slawe." Gesê: "Is hy die res van hulle se baas?"

En die eienaar het gesê: "Nee, hy's nie enige baas nie. Hy's net 'n slaaf."

Hy het gesê: "Wel, miskien voer jy hom net 'n bietjie beter as wat jy die res van die slawe voer."

En hy het gesê: "Nee, hy eet in die kombuis saam met die res van die slawe. Hy's net 'n slaaf." Wel, die eienaar het gesê . . .

"Wat maak hom so anders as die res van die slawe?"

57 En die eienaar het gesê: "Ek het dit vir 'n lang tyd gewonder. Maar eendag het ek die rede uitgevind." Gesê: "Jy weet, oorkant in die tuisland, is sy vader die koning van die stam. En hoewel hy 'n vreemdeling is, maar hy weet hy's 'n koning se seun, en hy gedra homself soos een."

58 Wat behoort Christene te doen? Ons is vreemdelinge. Maar ons Vader is die Koning, en ons is seuns en dogters van God. Ons behoort onsself te gedra soos seuns en dogters van God.

59 Wanneer ek die kerk so los sien word, en die vroue is in hulle onsedelike klere, en die mans wat aangaan, grief dit my net, want ons is seuns en dogters van God, en ons behoort op te tree, en te wandel, en te praat, en onsself so te gedra. Wanneer ons wegkom daarvan, is ek bevrees, is daar iets verkeerd in ons, ons het die visie verloor, van wie ons is. Want die lewe wat in ons is, is wat ons lei en ons rig.

60 So, deur te dink aan Dawid wat gesê het dat—dat U goedertierenheid beter is as die lewe vir my, moet daar twee verskillende soorte lewe wees, of, ek sou só sê: meer as een soort lewe.

61 En party mense dink dat hierdie lewe net bestaan uit fuif, drink, of rondloop, of na danse toe gaan; hulle noem dit "lewe".

62 Ek het 'n diens gehou, ek—ek haat dit om hierna te verwys, want party van my vriende van Kanada sit hier. Maar ek was in Kanada; en die bestuurder van die diens is ook nou teenwoordig,

Broer Sothmann daar, waar ek 'n diens gehou het by die ys-arena. En hulle het my gehuisves in die hotel. En daardie middag toe ek gekom het . . . Ek was in Kanada vir 'n hele rukkie, en ek het nie die sonde, en die aanganery gesien, soos ons dit hier by die huis sien nie.

63 En toe ek daardie aand afgegaan het van waar ek in die platteland was, na die hotel toe gekom het, het ek Amerikaners opgelet wat oorkom, whiskybottels wat oral vlieg. En toe ek daardie aand ingekom het van die kerk af, van die diens af, het ek in die hysbak geklim. En ek was daar vir omtrent 'n week; ek het nooit so-iets soos dit gesien nie.

64 En in die hysbak het daar, oral, whiskybottels en bierblikkies gestaan. En toe die kêrel die deur toemaak om my op te neem met die hysbak, het ek rondgekyk. En hy het geweet wie—wie ek was, en hy het gesê: "Dis rof."

65 En ek het gesê: "Partymaal maak sulke karakters, soos daardie, my skaam dat ek 'n Amerikaner is, met sulke optrede soos daardie." En hy het my afgelaai op die vloer, ver op amper heel bo.

66 En dit was 'n sekere losie hier in Amerika wat hulle konvensie daar in Kanada gehou het. En toe ek uit die hysbak uitklim, o, die verskriklikste aanganery oral. En ver aan die onderkant van die saal was daar twee jong vroue, ek skat in hulle laat twintigs of vroeë dertigs. En hulle het net hulle onderklere aangehad met 'n bottel whisky in hulle hand, so dronk, en altwee van hulle met trouringe aan. O, natuurlik, was hulle net besig om 'n bietjie skoon pret te hê. Dis sonde!

67 En hulle het probeer afkom, kaalvoet, sonder kouse, net in hulle onderklere, met hierdie whiskybottel in hulle hand daar, met wasige oë; en mans wat uit die kamers probeer kom, bo-oor hulle val, om hulle te probeer vang soos daardie, so dronk hulle kon skaars regop staan.

68 En ek het gedink: "Is dit nie 'n skande nie!" Maar ons noem dit, in die State hier, net 'n tydjie van ontspanning. Miskien 'n pappa by die huis wat na die babas kyk. Dit is net nie die vroue nie, die mans doen dieselfde. Sonde is sonde; ek gee nie om waar dit is nie; dis sonde, en dis verkeerd. En ons, 'n Christennasie, wat so ons bure besoek, met ons losies ensovoorts, en in sulke skande soos daardie aangaan.

69 En ek het gestop. En een jong kêrel het oorgestrompel en sy kop teen die ander kant gestamp en agteroor geval op die vloer, oorgegaan, en allerhande slegte goed gesê. En hierdie jong vroue het afgekom en gestop. Ek het teruggetree in 'n plekkie en gekyk. En hierdie jong vroue het reg voor my gestop. En hulle het elkeen 'n sluk uit die bottel geneem, hulle hand uitgesteek en daardie onderrokkie opgetrek, en hulle voet in die lug gegooi en geskree: "Whoopee, dit is die lewe!"

70 Ek het uitgestap op die vloer en albei van hulle aan die hand gevang. Ek het gesê: "Verskoon my, hierdie is nie die lewe nie; hierdie is die dood!" Die Bybel het gesê: "Sy wat losbandig is, is lewendig dood."

71 En daar's te veel van daardie soort aanganery deur ons kerke in die nasies vandag, en tog noem hulle hulleself Christene.

72 Dis die grootste struikelblok wat Christendom ooit gehad het; nie die dranksmokkelaar op die hoek nie, ons weet hy's gemerk; maar die skynheilige wat hulleself 'n Christen nóém en in die kerk lewe met so 'n lewe soos daardie saam met hulle. Dit wys dat hulle nog nooit die Here Jesus geken het nie, of hulle sou dit nie gedoen het nie. Daardie soort lewe is verskriklik. Dit kan nie die soort lewe wees waarvan Dawid gepraat het nie.

73 Party mense dink om geld te maak: "Dis die lewe: maak geld, baie daarvan." En na 'n ruk sal jy dit verloor, en jy sal 'n pistool neem en jou brein wegblaas. Dit kan nie die lewe wees nie. Dis die dood.

74 Party mense dink dat hulle jonk is: genot, en uitgaan, en danse en dinge, pret hê, en aangaan, onsedelik; volgende oggend met 'n hoofpyn, hartseer, gebroke huise. Dis nie die lewe nie. Dis die dood in 'n vermomming. Dis die wolf in die skaapsklere. Dit kan nie die lewe wees nie. Dis die dood.

75 En die wêreld word verlei deur daardie dinge. Maar die vraag is, my broer, suster, vanaand: Wat laat mans en vroue dit doen, as hulle by hulle regte positiewe is? Wat laat hulle dit doen? Wat laat hulle smag daarna om whisky te drink? Wat laat die Amerikaanse mense so sigarette rook? wanneer die *Reader's Digest* gesê het dat 'n honderd drie-en-dertigduisend verdoem is hierdie jaar van sigarette rook. Maar hulle gaan doen dit in elk geval; kanker aan die toeneem. Artikels: "Bakkievragte kanker." En hulle verkoop elke dag meer sigarette: "Koop 'n karton kanker, 'n bottel tuberkulose." En hulle soek en suig aan daardie goed vir die genot. Iets is verkeerd. Wat is dit? "Hulle kan dit nie help nie," *sê* hulle.

76 As die duiwel jou nie met sommige daarvan kan laat deurmekaar raak nie, dan sal hy jou vat en jou êrens by 'n kerk laat probeer aansluit om weg te kom daarvan af, en jy's net so sleg af, om jouself te probeer wegsteek agter 'n kerk, of 'n geloofsbelydenis, of 'n denominasie. Dis verkeerd.

Maar wat laat 'n mens dit in die eerste plek doen? Is omdat, toe God 'n mens gemaak het, Hy hom so gemaak het. Hy het 'n mens gemaak om te dors.

77 Daar's 'n klein plekkie in die hart wat niks sal vul behalwe God nie. En mense dors na iets, en daardie werklike dors is na God. En niemand het 'n reg om daardie heilige dors te probeer les deur dit vir die duiwel te gee vir die dinge van die wêreld nie; het geen reg om daardie dors te probeer wegsteek deur by 'n kerk aan

te sluit nie. God is die enigste ding wat dit sal bevredig. God, die Heilige Gees, is die enigste ding wat daardie dors kan les. Jesus het gesê: "Salig is hulle wat honger en dors na geregtigheid." En dis God wat by die mens se hart probeer uitkom. En die duiwel probeer dit les deur hulle hulleself te laat dooddrink, of hulleself te laat doodjaag, of iets anders te doen. Maar God het die mens geskape om daardie heilige dors te hê. En as jy nie vir God wil neem nie, dan sal jy iets anders moet neem om—om daardie drang soort van stil te maak. Dis wat 'n mens so maak.

78 God het hom gemaak om Koning te wees; God wil op jou hart se troon sit. En jy het geen reg om die duiwel die goed wat hy maak, in jou te laat sit nie. Jy het geen reg om te probeer om te bevre-. . . En laat ek dit sê, daar's niks wat dit sal bevredig behalwe God nie. Jy kan doen wat jy wil, jouself mal drink, maar jy sal nooit tevrede wees tot Christus Sy plek in die mens se hart inneem nie. Dit handel dit af. Dan kom geloof in.

79 Baie mense sien groot kerke, groot denominasies, die intellektuele wêreld. Hulle kyk rond, wat hulle met hulle oë kan sien.

80 Ek was by 'n ontbyt saam met Billy Graham, 'n tyd gelede in Louisville. En hy het gesê . . . die Bybel geneem en gesê: "Hierdie is God se Standaard." Hy het gesê: "Ek sal na die stad gaan, en ek sal 'n herlewing hou. Ek sal twintigduisend bekeerlinge in ses weke kry." Gesê: "Ek sal teruggaan oor 'n jaar, en ek het nie twintig uit daardie twintigduisend nie." En toe het hy gesê: "Paulus het in 'n stad ingegaan en een bekeerling gehad, en die volgende jaar teruggekom en twintig van daardie een af gekry." Hy het gesê . . . Nou hier is wat Billy gesê het, by 'n klomp predikers, omtrent driehonderd van hulle, hy het gesê: "Dis julle klomp lui predikers, wat sit met julle voete op die lessenaar, en nie uitgaan en die mense besoek nie." Gesê: "Dis hoekom hulle nie bly nie."

81 En ek het gedink: "Mnr. Graham, my kosbare broer, 'n man vir wie ek my hoed afhaal as 'n dapper soldaat van God, ja. Maar Paulus het iets anders gehad. Paulus het nie uitgegaan en hulle besoek na sy bekeerlinge nie, want hy het die stad verlaat, en teruggekom na daardie een bekeerling toe. Maar wat hy met daardie bekeerling gedoen het, hy het hom na Iets toe gelei wat sy siel aan die brand gesteek het."

82 Dis nie die lui prediker nie; as hy dieselfde ding gehad het, sou hy nie so lui gewees het nie. Hy sou op die merk vir Christus gewees het, Iets wat brand in sy hart wat hom nie sou laat stil sit nie. Ons neem hulle net na hulle intellekte toe.

83 In die tuin van Eden, het die duiwel die mens se kop gekies. God het sy hart gevat. Die duiwel probeer hom wys wat hy met sy oë kan sien. God, in sy hart, laat hom dinge glo met geloof wat hy nie kan sien nie. "Want geloof is die vaste vertroue van

die dinge waarop ons hoop, die bewys van die dinge wat ons nie sien nie."

84 Sien, die mens wil 'n groot plek sien, 'n—'n groot iets met 'n sielkundige effek daaraan. God is nie in sielkunde nie. Hy werk nie met die verstandelike vermoëns nie. Jy sal nooit in staat wees om God uit te redeneer nie. Jy glo God deur geloof.

85 Gepraat by 'n ontbyt vanmôre. Ek het gesê die rede waarom mense by kerke gaan aansluit en hulle name op hulle sit, is omdat hulle die nuwe geboorte probeer omseil. Hulle wil nie die nuwe geboorte hê nie. O, party van die teoloë vandag dink uit wat hulle die nuwe geboorte noem: "handskud," en: "sit jou naam op 'n papier," en: "glo 'n geloofsbelydenisverklaring." Maar die nuwe geboorte is om te wees . . . sterf, en wedergebore te word, opnuut, 'n nuwe skepsel in Christus.

86 Enigiemand weet dat wanneer 'n babatjie gebore word, ek gee nie om of dit op 'n skuurvloer of op 'n strooimatras is, of in 'n—'n versierde hospitaalkamer nie; dis 'n gemors, ek gee nie om waar dit gebore word nie. Maar wat is dit? Dis 'n gemors, maar dit bring lewe. En dis wat ons vandag nodig het, is 'n geboorte, 'n geestelike geboorte. Dis 'n gemors, maar dit bring Lewe, Christenlewe, nuwe Lewe, Lewe, daardie Offerlewe.

87 Party mense sê: "Ek sal nie aan een van daardie volle Evangelie kerke behoort nie. Hulle huil en skree, en ruk hulle hande rond, en sulke goed." Dis alles reg. Hulle mag snaaks optree, maar hulle is gebore. Hulle mag lyk na 'n gemors, maar hulle het Lewe. Dis die ding, solank as wat jy Lewe het. Vra een van hulle of hy tevrede is. Kyk hoe hy optree, die plekke waarnatoe hy gaan.

88 Jy ken die voël uit aan sy gewoontes. 'n Kraai en 'n duif kan geen gemeenskap hê nie; hulle dieet is verskillend. En die Christen kan nie met die wêreld meng nie. 'n Kraai is 'n skynheilige. 'n Skynheilige is 'n—is 'n bedrieër. 'n Kraai kan op 'n ou dooie karkas sit en heeldag lank eet, en uitvlieg in 'n koringland en koring eet saam met die duif. Maar die duif kan koring eet, maar hy kan nie die dooie karkas eet nie. Hoekom? Hy het nie enige gal nie. Hy kan dit nie verteer nie.

89 En dis hoe dit is met 'n Christen; die bitterheid word uit hom uitgeneem. Hy kan nie die wêreld verteer nie. Maar 'n skynheilige kan heeldag in sonde lewe, en in die kerk inkom in die aand, en uitroep soos die res van hulle. Dis die skynheilige.

90 Nou wanneer jy wedergebore is, hoef jy nie 'n skynheilige te wees nie; jy is 'n nuwe skepsel. Die gal van bitterheid is . . . die begeerte van die wêreld is uit jou uitgeneem.

91 "O, U goedertierenheid is beter as die lewe, want ek smag om U krag te sien soos ek in U heiligdom gesien het. My siel dors na U soos 'n dorre land waar daar geen water is nie." Dawid was 'n

herder. Hy was 'n wildernisman. Hy het die gewoontes van die wildlewe geken.

92 Nou, ons mag 'n paar jagterbroers hierbinne hê. Ek is 'n jagter. En nou, onder in Afrika, het hulle die takbok, reebok. Nou, wanneer . . . Hulle het wilde honde; ons het hulle hier wat ons wolve noem. Die takbok wei gewoonlik in 'n trop, en daar's altyd 'n wagter op diens, die heeltyd, wat dophou. Julle sien, gewoonlik, sal hulle uitgaan en die wag hou. En gewoonlik, is dit 'n ooi, sy waak oor haar kleintjies.

93 As party van ons Amerikaanse moeders net so op hulle hoede was met hulle dogters soos die moederooi is met haar boklammetjie, sou ons nie soveel jeugmisdaad hê nie.

94 Dan let hulle op, die wilde honde kom agter hierdie takbok aan, en hulle sluip baie versigtig nader. Die leier van die trop sal baie versigtig nadersluip, terwyl hy kyk waar die—die takbokke is. En as hulle 'n takbok kan uitsonder, tot hy so geïnteresseerd is in wat hy doen, sal hy nooit die hond sien aankom nie, want die hond is slim, hy sal die wind in sy gesig kry, of die wolf. Hy sal baie versigtig sluip. Hoeveel keer ek dopgehou hoe hulle dit doen. En hulle sal baie versigtig nadersluip, en hulle hou dop. En naderhand, sal daardie takbokkie: sintuie in haar begin sê dat daar probleme naby is. Tog kan sy nie die hond ruik nie, en sy kan dit ook nie sien nie. Maar sy weet dat iets verkeerd is; want sy's 'n takbok, en sy weet dat, waar daar gevaar is.

95 En daar's niemand wat ooit opsetlik in sonde ingeloop het sonder dat God hulle eers gewaarsku het nie. Iets sal jou sê. En vanaand is daar baie jong meisies daarbuite wat luister, en die wolf wat nadersluip aan haar. Julle weet, hulle het dit, wat hulle noem die wolffluit, hulle . . . die wolffluit. En hulle sal vir hierdie jong meisies fluit. En hulle sal uitgaan op straat en klere aantrek wat nie betaamlik is vir 'n jong dame nie. En skaam julle moeders wat hulle dit sal laat doen.

96 Praat van die ongeletterdheid van Kentucky waar ek vandaan kom: party van daardie ou mammies daarbo, jy haar dogter laat uitgaan en dit doen, sou sy haar blase gee van een kant na die ander met 'n vaatjieplank. Dis reg. Maar, o, jy dink sy's gewild. Jy leer haar hoe om te klopdans, en al hierdie dingetjies soos daardie te doen, en trek vir haar klere aan soos daardie, en word sy dan 'n skande, is jy te blameer. Dis presies reg.

97 Wat ons vanaand nodig het, is outydse mammies soos wat ons altyd in Amerika gehad het. Ons het godvresende, vaders en moeders nodig wat bid, wat hulle kinders voor God sal neem in plaas van een of ander Elvis Presley-vertoning of iets.

98 Fluit vir die meisies om hulle te laat omdraai. Hulle dink hulle is oulik. Skat, as jy net besef daardie is 'n hond van die hel! Dis reg.

99 Party van julle jong mans, 'n gegrimeerde Isébel daarbuite, jy dink sy's oulik. Sy mag wees, so lyk aan die buitekant; jy moet haar te vang wanneer haar gesig gewas is; jy mag dalk nie so baie van haar dink nie. Miskien 'n hart binne-in haar wat so swart is soos die smerige mure van die hel. Jy kan nie sê . . . Moenie daarna kyk nie. Dis oud en sal vergaan.

100 Soek na iets wat opreg en eg is. Kyk of die meisie wedergebore is. As sy nie gered is nie, moet dan niks met haar te doen hê nie, en jy, dieselfde ding, met 'n jong man.

101 Die probleem in ons geledere van—van Christene vandag, is die afbreek, trouery, en ondertrouery, en dis so 'n gemors, dat daar niks is wat dit kan uitsorteer nie. Ons word ryp vir die oordeel. God sal die hele ding skoonvee een van hierdie aande met 'n atoombom. En julle name is nou daarop geskryf in Rusland. En die hele wêreld bewe en wonder wat verkeerd is. Die wolf sluip nader. Ons het al te veel met die res van die wêreld, met die dinge van die wêreld geflankeer.

102 Nou, die volgende ding wat ons weet, hierdie takbokkie moes nie van die trop afgedwaal het waar sy beskerming gehad het, weg van die kerk waar sy die Heilige Gees sou kry, deur die verkondiging van die Woord nie. Ons word gewas deur die Water van die Woord. En dan as jy afdwaal, en van die kerk af begin wegbly en televisie kyk op Woensdagaand wanneer jy 'n biduur het wat aangaan, is jy net daar op jou pad uit. Wanneer jou begeerte meer raak om 'n televisieprogram te sien as wat dit is om die Evangelie te hoor, is daar iets verkeerd in jou siel. Dis reg. Dis waar.

103 [Een man in die gehoor praat in tale, 'n ander broer gee die uitleg—Red.] Amen. Nou, as ek die Skrifte reg verstaan, een man wat in 'n onbekende taal praat op sy eie, en 'n ander een wat dit uitlê; een man wat nie weet wat hy sê nie, die ander nie weet wat hy sê nie, maar die stem word aan ons uitgelê, 'n oproep van God. Dis reg. "Kyk na My," het Hy gesê: "alle uiteindes . . . Ek is die Geneser, die Een wat Lewe gee, die visioen van die Lewe." Hy is Lewe. O, hoe ons Hom dank dat ons die geleentheid het om te kom na die Fontein toe wat gevul is met Bloed wat uit Immanuel se are getrek is.

104 Hierdie takbokkie, net om dit klaar te maak, as daardie wolf 'n sprong maak na daardie takbokkie . . . Hy het twee bloedslagtande. En hy sal daardie takbokkie reg agter die oor gryp. En hy sal daardie slagtande inslaan, en dan sy gewig swaai. En daardie groot slagtande sal daardie takbokkie se nek afsny. En hy sal 'n sprong gee en dan val, en oortrek met honde binne 'n paar minute, wolwe, om die bene van die kleintjie kaal te stroop.

105 Dis hoe Satan maak. As hy ooit na genoeg aan jou kan kom om jou eenmaal daarin te verstrengel, sal die honde van die hel reg bo-op spring, en alles wat daar aan jou is, afstroop, al

jou sedes, en alles, alles wat jy het. Jy sal verbleik en besoedel voor God lê.

106 Nou, partymaal as die takbokkie op haar hoede is, baie slim, sal sy die takbok sien. . . die hond wat kom, sal sy spring. En wanneer sy dit doen, sal die hond sien dat hy die oor gaan mis, die slagaar hier, hy sal haar in die sy gryp.

107 Wel, dis omtrent die middelbalans van die takbok. Die agterstewe is swaarder as die voorkant, maar die voorkant het ’n nek en kop. So dis omtrent die middel van die takbok. Hy sal dit gryp. Hy sal heen-en-weer skud soos daardie, en die takbok kan nie hardloop nie. Dis van balans af en dit sal val. En dan, is sy weer oortrek, van die honde.

108 Nou, as die takbokkie op haar hoede is, en sodra die hond dit in die sye gryp, as sy vinnig sywaarts spring, of net opspring en net opvl-. . . hoog, en vlieg, spring, en nie probeer hardloop nie, net opspring, of opsy spring, sal die stuk vleis uitruk uit die hond se. . . met die hond se bek. Dan moet sy vlug vir haar lewe.

Dis waarvan Dawid praat. Het julle al ooit ’n gewonde takbok gesien?

109 Onder in die suide, jag hulle hulle met honde. Ek dink dis ’n slegte ding, maar hulle jag hulle met honde. En wanneer ’n takbok gewond is, as daardie takbok ooit by water kan uitkom, sal dit lewe. Jy sal dit nooit vang nie, want hy sal aanhou water drink, en dit sal die bloed stol, en hy sal nie meer bloei nie.

110 Dawid het gesê: “Soos die hert dors na die waterstroom, so dors my siel na u, O God.”

111 Kan julle julle ’n takbokkie voorstel met die bloed wat daaruit stroom, en dit het nou gehardloop, en die honde is reg agter dit. En dit het sy neusie op “*hyg*, *hyg*, *hyg*, *hyg*,” en ruik oral. “As ek net water kon ruik; ek moet water kry, of ek sal sterf.” Eers by die water is dit veilig. Dit moet water kry of sterf. Dawid het gesê: “Soos die hert smag na die waterstroom, so dors my siel na u, O God.”

112 Wanneer mans en vroue ’n punt bereik wat hulle God moet hê of sterf, sal jy by die waterstroom uitkom. Dis reg. As jy siek is en jy het genesing nodig, as jy by die desperate toestand is, kan ek sê: “Daar is ’n fontein gevul met Bloed, getrek uit Immanuel’s aar, waar sondaars, gedompel onder die vloed, elk sondevlek verloor.” Dis Ewige Lewe om Hom te ken; nie om Sy Boek te ken nie, nie om Sy kerk te ken nie, nie om Sy geloofsbelydenis te ken nie, maar om Hom te ken; om Hom, jou persoonlike Verlosser, te ken, die Een wat jou gevul het met die Heilige Gees. Dit sit Lewe in jou om vorentoe te gaan. Dis die Lewe waarvan Dawid gepraat het.

My lippe sal U prys, want U goedertierenheid is beter vir my as die Lewe. My lippe sal U prys.

113 Kom ons buig ons hoofde net 'n oomblik. Ek voel daardie boodskap net 'n oomblik gelede, was iets wat my afgesny het, en gesê het hierdie is die tyd. Ons gaan bid.

114 Ek wonder hoeveel hierbinne sou graag onthou wil word in gebed net nou, as julle julle hande sal opsteek, en sê: "Onthou my, Broer Branham, voor God." God seën julle; dis goed. God seën julle.

115 Hoeveel hierbinne wat nie 'n Christen is nie, graag 'n—'n gemeenskap met Christus wil hê? Julle. . . Miskien het jy iewers by die kerk aangesluit. Miskien is jy, selfs, onderdompel in water. Maar tog weet jy dat daardie dors en honger na God nie in jou hart is nie, maar jy sal dit graag daarin wil hê, sal julle net julle hande opsteek en sê: "Onthou my, Broer Branham; bid vir my vanaand"? God seën jou, dame. God seën jou, meneer. God seën jou, dame, ja, dis goed. God seën jou; dis goed.

116 Is daar 'n afvallige hier? Ja, daaragter in, suster, God seën jou. Is daar 'n afvallige hier wat sou sê: "Broer Branham, ek het afgedwaal, ek wil nie dink ek was 'n skynheilige nie, Broer Branham, maar ek—ek lewe nie eintlik waar ek moet lewe nie, as ek hierdie gebou sou verlaat vanaand en huis toe gaan, en ek sou my hart baie snaaks voel maak, ek die dokter sou bel, en hy sou kom, sê: 'Dis 'n hartaanval, sy is sterwend, hy is sterwend,' dit mag so wees, Broer Branham, ek—ek wil nie hê dit moet so gebeur nie, ek—ek is nog nie gereed om te gaan nie, ek—ek's nie deurgebid met God nie, ek—ek wil 'n bietjie nader wandel hê"? Sal julle julle hande opsteek, sê: "God, onthou my"? God seën julle, dis goed. Hande oral.

117 Ek gaan vir die pianis of die orrelis vra, wat dit ook al is, om net 'n oomblik na die orrel toe te kom, of die klavier, een. En ek gaan bid.

118 Is daar sommige hier wat net regtig sou, wat vir God lewe, maar wat graag 'n bietjie nader wandel met God wil hê, net sê: "Here, onthou my, my siel dors, O Here, ek. . . My. . . Ek's net—ek's net so dors, ek weet net nie wat ek sal doen nie, Here, help my, ek's—ek's in desperate nood, ek—ek wil U hê, kom"?

Daar is 'n fontein gevul met Bloed,
Getrek uit Immanuel's aar, (Geen ander fontein.)
Waar sondaars, gedompel onder die vloed,
Elk sondevlek verloor.

'n Sterwende dief, hy het gejuig om te sien
Daardie Fontein in sy dag;
Daar mag ek, tog vuil soos hy,
Al my sondes weg kom was.

119 Hou net ons hoofde gebuig net vir 'n oomblik nou terwyl die musiek saggies speel.

120 ’n Ou seun het op sterwe gelê in die veld eendag, ’n soldaat. ’n Ander Christen het langs hom inbeweeg, hy het gesê: “Jy sterf, maat.”

Gesê: “Ek weet dit.”

Gesê: “As jy ’n Christen?”

Gesê: “Ek—ek was eers.”

Hy het gesê: “Wat het gebeur?”

Gesê: “Ek weet nie,” gesê: “ek het Johannes 3:16 verlaat, maar dit het my nooit verlaat nie.”

121 Dis reg, broer, as jy ooit gesmaak het die Here is goed, sal dit jou nooit verlaat nie. Jy mag wegdwaal, maar dit sal jou nooit verlaat nie.

122 Here, wees ons genadig, Here. Hierdie sal, ongetwyfeld, die laaste keer wees dat sommige van ons, Here, ooit mekaar op hierdie aarde sal sien. Daar is diegene hier vanaand wat ek nooit weer na hulle sal kyk tot hierdie preek gespeel word op God se groot opnamemasjien by die Oordeelsdag, en die groot film vertoon sal word, en die hande daar sal op wees nie. Here, hulle sal ’n getuie wees dat hulle U geglo het en dat hulle U wil hê. Nou, U het gesê: “Hy wat na My toe sal kom, sal Ek op geen manier uitwerp nie. Hy wat My Woorde hoor, en in Hom glo wat My gestuur het, het die Ewige Lewe; en sal nooit in die Oordeel kom nie, maar het oorgegaan uit die dood in die Lewe.”

123 Ek weet, Here, dat niemand hulle hand kon opsteek sonder dat U dit gesien het nie. En hulle het elke wetenskaplike reël gebreek toe hulle hulle hande opgesteek het; want volgens die wetenskap, is hulle hande veronderstel om af te hang. Maar daar was ’n Gees langs hulle, die Heilige Gees, gesê het: “Steek jou hand op.” En hulle het hulle hand opgesteek, die wetenskaplike reël verbreek, want hoekom? Daar is ’n Lewe in hulle wat ’n besluit vir die Skepper geneem het en hulle het hulle hand opgesteek. Ontvang hulle, Vader God. En daar staan ook geskrywe . . .

Dors Na Die Lewe AFR59-0613
(Thirsting For Life)

Hierdie Boodskap deur Broer William Marrion Branham, oorspronklik gelewer in Engels op Saterdagaand, 13 Junie 1959, by die Beulah Tempel in Chicago, Illinois, V.S.A., is geneem vanaf 'n magnetiese bandopname en onverkort gedruk in Engels. Hierdie Afrikaanse vertaling is gedruk en versprei deur Voice Of God Recordings.

AFRIKAANS

©2021 VGR, ALL RIGHTS RESERVED

Voice Of God Recordings, South Africa Office
58 Disa Road, Admiral's Park, Gordon's Bay 7140 Western Cape
Republic Of South Africa

Voice Of God Recordings
P.O. Box 950, Jeffersonville, Indiana 47131 U.S.A.
www.branham.org

Kopiereg kennisgewing

Alle regte voorbehou. Hierdie boek mag gedruk word op ‘n tuisrekenaar vir persoonlike gebruik of om uitgegee te word, gratis, as ‘n middle om die Evangelie van Jesus Christus te versprei. Hierdie boek kan nie verkoop word, op groot skaal gereproduseer word, op ‘n webtuiste geplaas word, in ‘n opsoekstelsel geberg word, vertaal word in ander tale, of gebruik word om fondse in te samel, sonder die uitdruklike geskrewe toestemming van Voice Of God Recordings®, nie.

Vir meer inligting of vir ander beskikbare material, kontak asseblief:

Voice Of God Recordings
P.O. Box 950, Jeffersonville, Indiana 47131 U.S.A.
www.branham.org